14 April 2009

DOKTOR FORKEL SE RYK NALATENSKAP NA VERLOOP VAN 100 JAAR GEVIND

'n Nasaat van die befaamde Doktor Otto Forkel, 'n regsgeleerde en eerste Burgemeester van Keetmanshoop vir die jare 1909 tot 1912 het die afgelope week 'n verborge skatkis van geskiedenis ontdek en ontbloot.

Dit volg op 'n berig omtrent die honderd-jarige bestaan van die Keetmanshoop se munisipale status deur **Republikein op 14 April 2009** gepubliseer.

Liz, (fiktiewe naam), 'n agter-kleindogter van Dr Forkel het pas van Oostenryk na S A teruggekeer.
Tydens die agt jaar wat sy in Europa deurgebring het, het sy belangstelling in haar Duitse herkoms belangstelling ontwikkel.
Sy het die van "Forkel" op die internet gesoek en op die berig afgekom.
Sy het onverwyld van haar laat hoor.

Volgens haar was sy meer op soek na haar Ouma grootjie se herkoms, wetend dat daar verbintenis met Dr Forkel is.
Haar familie aan moederskant het die nageslag die swye omtrent Dr Forkel opgelê, aangesien dit 'n familiegeheim was wat vir die afgelope **meer as honderd jaar** dig gehou moes word.

Die feit dat haar moeder se voorgeslag van gemende afkom is het verbintenis met Dr Forkel vertroebel en veel hartseer gebring.
Sy het egter die moed aan die dag gelê om die lang verborge geheim openhartig mee te deel.
Doktor Forkel was immers die vader van haar ouma grootjie en daardeur 'n belangrike faktor in die soeke na haar herkoms.

Foto's van Ouma grootjie, Ouma en moeder toon aan dat Dr Forkel 'n kind by sy Baster huishulp gehad het.
Laasgenoemde het geensins afbreuk gedoen aan Dr Forkel se reputasie nie, ook nie sy nageslag s'n nie, maar hom eerder aangespoor om vir gelyke regte te veg.
Met die ronddraai van vanne en name, geboorteplek van Ouma grootjie, kon ons saam tot die gevolgtrekking kom dat Pella in SA en Warmbad in Namibië uitstaande plekke van geboorte en herkoms uitmaak.

Lang storie kortgesny – Ouma grootjie was van gemengde afkoms en Dr.Forkel se huishulp.
Die bes bewaarde geheim vir 100 jaar het begin ontvou.
Dit het ons op die spoor geplaas op die vrae van wie en wat Dr Forkel nou eintlik was.

Die woning, bes moontlik ook sy kantoor, is steeds staande en dra die jaartal 1907 as jaar van oprigting.

Dr Forkel was ‘n uitmuntende regsgeleerde vir die hedendaagse Karas streek. Mevrou (Dr) Liddy Forkel het die gebeurtenis vergewe en toegelaat dat moeder en baba onder dieselfde dak huisvesting en opvoeding vind.
Merkwaardig vir vandag se optrede van mense.
Liddy Forkel se dogter en huishulp se dogter was gelyk behandel in alle opsigte.

Hofsake waarin Dr Forkel gelyke regte vir nie-blanke- en kinders van gemengde afkoms bepleit het, is opgeteken in 1905 en steeds te vinde in hofstukke en boeke daaroor.
Eerwaarde Tobias Fenchel het saamgestem en in dieselde howe gepleit en getuig.
Regs- en politieke geskiedenis is reeds in die jare wat op 1905 gevolg het gemaak.
Die familie album van die Forkels is in veilige bewaring van die museum van Berlyn, terwyl hofstukke in boekvorm te koop is.

‘n Mens kan nie anders as om verstom te staan teenoor ‘n sydelinge afstammeling bekentenis en trots op haar herkoms nie.
Ook dat Liz ‘n goed bewaarde geheim vir een honderd jaar in ryk geskiedenis omskep het.

Die bitterheid van gebeure is te bespeur. Vergifnis van dit wat geheimhoudng meegebring het is te admireer.
Dat sy steeds die herkoms van moederskant, haar Afrikaan-afkoms ewe hoog ag en navors, kan mens net prys. (Liz se woorde: “I am looking for my African blood).

Sou ‘n hofsaak omtrent aanspraak op erfenis ter sake wees, en ek die regter sou wees, dan en in so ‘n geval ken ek enige en alle reg tot erfenis aan Liz toe.

Laagenoemde vir die eenvoudige rede dat geeneen van diegene wie die van Forkel dra, of andersins aanspraak op afstammelingskap kon maak, geen navraag gerig het nie en vir 100 jaar sy bestaan tydens sy verblyf in Namibië daardeur ontken.
Meer nog, omdat die van “Forkel” haar vir een honderd jaar ontneem is weens die feit dat haar ouma grootjie nie met Forkel getroud was nie.
Die ryk geskiedenis van Doktor Forkel, dit wat hy in Namibië, en in besonder Keetmanshoop, nagelaat het, behoort nou aan almal wie belangstelling toon in regte en volksgeskiedenis. Duitsland ingeslote.
Iets wat ‘n groot leemte laat is die ontbrekende geskiedenis van die Visagie (Eerste “Blanke” in Namibië), nageslag afkomstig van Pella, via Warmbad na Keetmanshoop en Namibië.
SAAMGESTEL DEUR: W F Kotze